

## **Van die redaksie**

Hiermee die eerste uitgawe van die NGTT vir 2008 – Deel 49 nommers 1 & 2 van Maart tot Junie 2008. Baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het. Een afdeling van die uitgawe bevat voordragte wat by die Kerk-Staat Konferensie aan die einde van Oktober 2007 op Stellenbosch gelewer is.

Ons verwelkom graag vir prof Riaan Venter as die verteenwoordiger van die Fakulteit Teologie van Bloemfontein op die redaksie van die Tydskrif. Baie geluk aan Drr David Christie en Victor Chilenje met die verwerwing van hulle doktorsgraad in Maart by die Universiteit van Stellenbosch. In hierdie uitgawe verskyn daar 'n artikel van hulle albei.

Op die jongste redaksievergadering moes ons ongelukkig sekere kostes verhoog. Bladgelde vir publikasie is voortaan R120 per bladsye, terwyl intekengelde ook verhoog is na R120 per jaar. Ons vertrou dat ons skrywers en lesers begrip sal hê hiervoor. Die blad- en intekengeld was vir die afgelope vyf jaar onveranderd. In hierdie tyd het veral drukkoste en versendingskoste geweldig toegeneem. Van ons kant af sal ons steeds ons beste doen om u van 'n tydskrif van dieselfde hoë gehalte te voorsien.

P Coertzen  
(Redakteur NGTT)  
Stellenbosch